Psalm 6: Van wanhoop tot geloofsekerheid

A A da Silva
(UP)

ABSTRACT

Psalm 6 is the first of seven psalms of penance[1]*. The aim of this article is to indicate how the author of Psalm 6 moved from crippling despair to a liberating religious assurance, by shifting his focus from the suffering he experienced in his own life, to God's loving deeds toward him. The method used to achieve this goal comprises the following steps: translation; syntactic, and stichometric analyses; segmentation; and stilistic analysis.*

1 DOEL EN METODE

Die doel van hierdie artikel is om te toon hoe die digter van Psalm 6 beweeg het vanaf 'n verlammende wanhoop tot 'n bevrydende geloofsekerheid deur sy fokus te veskuif vanaf die nood waarin hy homself bevind het, na God se optrede in sy lewe. Die metode waardeur hierdie doel nagestreef word, bestaan uit die volgende stappe: vertaling; sintaktiese analise; stigometriese analise; segmentering van die teks; en stilistiese analise.

Hierdie wyse van teksanalise, wat getipeer kan word as "*'n sinkronies-teksimmanente benadering*", is 'n werkswyse wat eie was aan ons gewaardeerde vriend en kollega, wyle professor Riempies Prinsloo[2]. Professor Prinsloo het nooit voorgegee dat 'n teksimmanente analise die "beste" of die "enigste geldige" eksegetiese metode vir Ou Testamentiese tekste is nie. Hy het bloot om praktiese redes daaraan voorkeur verleen: dit is 'n metode wat enersyds die navorser dwing om te sê wat sy voorveronderstellings is; en wat andersyds resultate lewer wat wetenskaplik kontroleerbaar[3] is. Hierdie teksimmanente ontleding van Psalm 6 is my beskeie poging om die nagedagtenis van wyle professor Prinsloo te vereer.

2 TEKS

Met die oog op 'n stilistiese ontleding wat later volg, word die teks van Psalm 6 hieronder stigometries ingedeel. Om verwysings na die teks te vergemaklik, word die eenhede waaruit die teks opgebou is deur middel van verskillende soorte nommers links van die teks aangedui: versbene word direk links van die teks genommer met kleinletters van a tot c;

versreëls word in die tweede kolom links van die teks genommer met gewone syfers van 1 tot 11; strofes word in die derde kolom links van die teks genommer met hoofletters van A tot E; en stansas word in die kolom heel verste links van die teks genommer met romeinse syfers van I tot III. Die kursief gedrukte nommers van *1* tot *11* regs van die teks stem ooreen met die versnommers soos aangedui in BHS.

				לַמְנַצֵּחַ בִּנְגִינוֹת עַל־הַשְּׁמִינִית	*1*
				מִזְמוֹר לְדָוִד׃	
I	A	1	a	יְהוָה אַל־בְּאַפְּךָ תוֹכִיחֵנִי	*2*
			b	וְאַל־בַּחֲמָתְךָ תְיַסְּרֵנִי׃	
		2	a	חָנֵּנִי יְהוָה	*3*
			b	כִּי אֻמְלַל אָנִי	
		3	a	רְפָאֵנִי יְהוָה	
			b	כִּי נִבְהֲלוּ עֲצָמָי׃	
		4	a	וְנַפְשִׁי נִבְהֲלָה מְאֹד	*4*
			b	וְאַתָּה יְהוָה עַד־מָתָי׃	
	B	5	a	שׁוּבָה יְהוָה חַלְּצָה נַפְשִׁי	*5*
			b	הוֹשִׁיעֵנִי לְמַעַן חַסְדֶּךָ׃	
		6	a	כִּי אֵין בַּמָּוֶת זִכְרֶךָ	*6*
			b	בִּשְׁאוֹל מִי יוֹדֶה־לָּךְ׃	
II	C	7	a	יָגַעְתִּי בְּאַנְחָתִי	*7*
			b	אַשְׂחֶה בְכָל־לַיְלָה מִטָּתִי	
			c	בְּדִמְעָתִי עַרְשִׂי אַמְסֶה׃	
		8	a	עָשְׁשָׁה מִכַּעַס עֵינִי	*8*
			b	עָתְקָה בְּכָל־צוֹרְרָי׃	
III	D	9	a	סוּרוּ מִמֶּנִּי כָּל־פֹּעֲלֵי אָוֶן	*9*
			b	כִּי־שָׁמַע יְהוָה קוֹל בִּכְיִי׃	
		10	a	שָׁמַע יְהוָה תְּחִנָּתִי	*10*
			b	יְהוָה תְּפִלָּתִי יִקָּח׃	
	E	11	a	יֵבשׁוּ וְיִבָּהֲלוּ מְאֹד כָּל־אֹיְבָי	*11*
			b	יָשֻׁבוּ יֵבשׁוּ רָגַע׃	

3 VERTALING

Met onderstaande vertaling word twee doelstellings nagestreef: Eerstens word gepoog om die betekenis van die teks so getrou moontlik in eenvoudige Afrikaans weer te gee; en tweedens word probeer om soveel moontlik van die digterlike aard van die Hebreeuse teks in die vertaling te

behou. Waar kriptiese Hebreeuse sinne dit noodsaak, word die vertaling aangevul met woorde of sinsnedes tussen hakies.

Vir die koorleier: met snaarinstrumente; vir die basstem (letterlik: op die oktaaf); 'n Psalm van Dawid.
1a Moet my tog nie in u woede straf nie (, Here),
b en moenie my tug as U kwaad is nie.
2a Wees my genadig, Here,
b want ek is uitgeteer.
3c Maak my gesond, Here,
d want my liggaam stort in duie.
4a Ja, ek stort heeltemal ineen!
b Hoe lank nog, Here (voordat U my gebed sal verhoor)?
5a Kom tog, Here;
b red my (lewe);
c (en) verlos my, omdat U getrou is (aan u Woord).
6a Want as 'n mens eers dood is, kan hy U nie meer bely nie;
b as hy eers in die doderyk is, (kan) hy U nie meer prys nie!
7a Ek is gedaan van (al my) verdriet.
b Die hele nag deur laat swem ek my kussing;
c ek deurweek my bed met my trane!
8a My oë het dof geword van verdriet;
b dit het swak geword deur die toedoen van al my vyande.
9a Gee pad van my af, almal van julle wat onreg doen!
b Want die Here het gehoor hoe ek treur.
10a Die Here het geluister na my smeekroep.
b Die Here het my gebed verhoor!
11a Al my vyande sal beskaam word en heeltemal ineenstort;
b In 'n oogwink sal hulle beskaamd moet padgee!

4 SINTAKTIESE ANALISE

'n Sintaktiese analise van Psalm 6 verskaf die volgende inligting:

Die eerste deel van Psalm 6 (verse 2 tot 6) is 'n smeekgebed wat uit nege hoofsinne en vyf redegewende sinne bestaan. Sewe van die gebed se hoofsinne is smeekbedes tot God, wat deur die digter in twee groepe verdeel word. Die eerste groep van vier smeekbedes en twee redes word afgesluit met 'n stelsin waarin die digter praat oor die haglike toestand waarin hy homself bevind, en met 'n vraag oor wanneer God sy gebed gaan verhoor. Die tweede groep van drie smeekbedes word afgesluit met

twee redegewende sinne en een retoriese vraag waarmee die digter subtiel poog om God te oorreed om sy lewe te spaar.

Die tweede deel van Psalm 6 (verse *7* en *8*) is 'n persoonlike klaaglied wat uit vyf hoofsinne bestaan. Die digter gebruik al vyf sinne om aspekte van sy nood te beskryf. Anders egter as in die vorige deel kan 'n mens in hierdie gedeelte nie agterkom of die digter nog steeds met God praat, en of hy net in sy gemoed daaroor tob nie.

Die derde deel van Psalm 6 (verse *9* tot *11*) handel oor die digter se vyande. Die digter begin hierdie deel met 'n direkte bevel: Hy jaag sy vyande weg! Maar selfs nog belangriker as die bevel, is die drie redes wat hy daarvoor gee: die Here het sy getreur gesien; Hy het sy gesmeek gehoor; en Hy het sy gebed verhoor! Met sy verhoring van die digter se gebede, het God gemaak dat hy nou resloos op Hom kan vertrou. Daarom sluit hy die psalm af met drie uitsprake oor sy vyande se lot: Hulle sal tot skande gemaak word; hulle sal ineenstort; en hulle sal beskaamd moet padgee!

5 SEGMENTERING

5.1 Vroeëre segmenterings van Psalm 6

Die meeste van die kommentare wat geraadpleeg is, beskou Psalm 6 as een gedig wat uit vier strofes bestaan, byvoorbeeld: Knight[4], Van Uchelen[5], Krauss[6], Van der Ploeg[7], Anderson[8] en Weiser[9]. Ander, soos Dahood[10], Craigie[11] en Van Grol[12] sien Psalm 6 ook as 'n eenheid, maar onderskei daarin slegs drie strofes. Kittel[13] oorweeg die moontlikheid dat Psalm 6 die resultaat kan wees van 'n samevoeging van twee gedigte, en Schmidt[14] is daarvan oortuig dat daar vanaf versreël 9a wel 'n nuwe gedig begin. Vir 'n volledige oorsig van die maniere waarop Psalm 6 deur navorsers ingedeel is, kan Smit Sibinga[15] se artikel oor Psalm 6 geraadpleeg word.

In alle gevalle hierbo is die indelings hoofsaaklik gebaseer op inhoudelike oorwegings. In die gevalle waar formele kriteria wel ter sprake kom, speel hulle 'n ondergeskikte rol. Die nadeel van so 'n werkswyse is dat willekeur makliker kan insluip. Afhangende van watter inhoude beklemtoon word, sou die aantal strofes na willekeur verminder kon word na twee, of selfs vermeerder kon word na ses of meer.

5.2 'n Eie strofe-indeling

In teenstelling met indelings wat oorwegend op inhoudelike gronde gebaseer word, word daar by die maak van 'n eie strofe-indeling van Psalm 6 gekonsentreer op formele kriteria soos morfologiese

ooreenkomste, sintaktiese merkers en poëtiese konvensies. Inhoudelike oorwegings is bykomstig.

Strofe A: Strofe A word gevorm deur versreëls 1 tot 4. Die redes is soos volg:

* Elke versreël van hierdie gedeelte skets 'n dialoogsituasie tussen eerste persoon enkelvoud en tweede persoon enkelvoud (U/my; ek/U).
* In elke versreël word die naam: Here genoem, of implisiet veronderstel.
* Die werkwoorde van elk van die eerste vier hoofsinne is bevelsvorme aan die tweede persoon manlik enkelvoud.
* In elke versbeen is daar 'n pronominale suffiks eerste persoon enkelvoud.
* Die eerste twee pare hoofsinne en die eerste paar redegewende bysinne van die gedeelte vorm drie parallellismes.
* Die reeks bevelsvorme word onderbreek en afgesluit deur twee sinne sonder bevelsvorme: die eerste is 'n stelling oor die eerste persoon; die tweede is 'n vraag aan die tweede persoon (die Here).
* Inhoud: Hierdie versreëls is deel van die digter se smeekgebed tot God.

Strofe B: Strofe B word gevorm deur versreëls 5 en 6. Die redes is soos volg:

* Die versreëls van hierdie gedeelte skets steeds 'n dialoogsituasie (U/my).
* Die eerste drie werkwoorde is bevele aan die tweede persoon manlik enkelvoud.
* In elke versreël word daar eksplisiet of implisiet na die Here verwys.
* Twee van die hoofsinne en twee van die redegewende sinne vorm parallellismes.
* Soos by die vorige gedeelte word die reeks bevelsvorme onderbreek en afgesluit deur twee sinne sonder bevelsvorme: die eerste is 'n stelling oor 'n dooie mens se magteloosheid; die tweede is 'n retoriese vraag aan die tweede persoon.
* Inhoud: Hierdie stuk is die tweede deel van die digter se smeekgebed.

Strofe C: Hierdie strofe strek vanaf versreël 7 tot by versreël 8. Die redes is soos volg:

* Daar is in hierdie deel geen bevelsvorme nie; net gewone stellings.
* Daar is in hierdie deel geen bewyse van 'n dialoogsituasie nie.
* Die subjek van elke sin is of eerste persoon enkelvoud, of 'n deel van hom (my oë).

* Die tweede en derde sinne, en die vierde en vyfde sinne vorm twee parallellismes.
* Inhoud: Al vyf sinne handel oor die nood waarin die digter homself bevind.

Strofe D: Strofe D bestaan uit versreëls 9 en 10. Die redes is soos volg:
* Die eerste versreël van hierdie gedeelte skets weer 'n dialoogsituasie. Hierdie keer is die gespreksgenote egter: eerste persoon enkelvoud/ tweede persoon meervoud (my/julle).
* Waar die eerste twee gedeeltes meer bevelsvorme as redes gehad het, is die verhouding in hierdie deel omgekeer: slegs een bevelsvorm (aan die tweede persoon meervoud), teenoor drie redes (elk met die Here as subjek).
* Die drie redegewende sinne vorm saam twee parallellismes.
* Inhoud: Hier voer die digter 'n twisgesprek ***mét*** sy vyande ***in die hede***.

Strofe E: Strofe E bestaan uit slegs een versreël (11). Die redes is soos volg:
* Daar is geen aanduidings van 'n dialoogsituasie in hierdie versreël nie. Hier praat die eerste persoon enkelvoud (my) ***óór*** die derde persoon meervoud (hulle).
* Die alliterasie wat in hierdie reël voorkom (y, sh, b), grens hom van die vorige reëls af.
* Die versbene van hierdie versreël vorm 'n parallellisme.
* Die voorspellings in hierdie reël skep 'n afgeronde einde vir die psalm.
* Die heropname van die lekseme בהל en שוב (wat vir die eerste keer in 3b en 5a aangetref word), skep 'n *inclusio* (omraming) vir die psalm.
* Inhoud: Hierdie versreël beskryf die digter se oordele ***óór*** sy vyande ***in die toekoms***.

5.3 'n Eie stansa-indeling

Stansa I: Strofes A en B word om die volgende redes as stansa I aan mekaar verbind:

(a) Lekseemooreenkomste: Sekere lekseme in strofe A word in omgekeerde volgorde weerspieël deur dieselfde lekseme in strofe B (גִּי- in 2a en 3a; נַפְשִׁי in 4a; en יהוה in 4b - teenoor יהוה in 5a; נַפְשִׁי in 5a; en גִּי- in 5b).

(b) Progressie: Vanaf strofe A tot strofe B is daar 'n progressie (*Steigerung*) te bespeur in die intensiteit van die bidder se oproepe om hulp. (In strofe A is die versoeke lank, goed georden, en twee van

hulle selfs gemotiveer. In strofe B is die versoeke kort, nader aan mekaar, en hoorbaar dringender.)

(c) Inhoud: Beide strofes handel oor die bidder se nood en oor sy gebede tot God.

Stansa II: Strofe C word om die volgende redes as stansa II beskou:

(a) Werkwoordvorme: Anders as in die vorige twee strofes en in die strofe wat volg, kom daar in strofe C nie 'n enkele bevelsvorm voor nie. Drie van die werwoorde in hierdie strofe is Perfekta en twee van hulle is Imperfekta.

(b) Dialoogsituasie: Anders as in strofes A, B en D is daar in strofe C geen aanduiding van 'n gesprek tussen persone nie.

(c) Inhoud: Strofe C is die eerste strofe waarin die digter na sy vyande se aandeel aan sy noodsituasie verwys. Daarom kan die inhoud van strofe C gesien word as 'n omskrywing van die bidder se probleem, teenoor die inhoud van strofes D en E wat beskryf kan word as die oplossing van sy probleem.

Stansa III

Strofes D en E word om die volgende redes as stansa III aan mekaar verbind:

(a) Bevelsvorme: Anders as in strofe C, waar daar géén bevelsvorm voorkom nie, is daar in strofes D wel een bevelsvorm - hier gerig aan die vyande. Hierdie verskynsel is 'n sterk aanduiding dat 'n nuwe stansa by strofe D begin.

(b) Inhoud: 'n Verdere aanduiding van 'n nuwe stansa wat begin, is die feit dat strofe C die eerste van 'n reeks verwysings bevat na die veroorsakers van die bidder se nood, naamlik die vyande.

Verbinding van stansas I, II en III met mekaar

Stansas I, II en III word om die volgende redes met mekaar verbind:

(a) Lekseemopnames: In stansa I (A,4,a) word van die bidder gesê dat hy in duie stort (נַפְשִׁי נִבְהֲלָה מְאֹד); in stansa III (E,11,a) word van die vyande gesê dat hulle heeltemal ineen sal stort (יִבָּהֲלוּ מְאֹד). In stansa I (B,5,a) word Jahwe met die lekseem שׁוּב gesmeek om na die bidder "terug te keer"; in stansa III (E,11,b) word deur middel van dieselfde lekseem gesê dat die vyande sal "terugval".

(b) Inhoud: In stansas I en II word die probleem gestel dat die gelowige bidder aan die hand van die vyand ly terwyl God oënskynlik stilbly: In stansa III word die oplossing gegee in die feit dat God die bidder verhoor en die vyand ineen laat stort.

Op grond van die resultate hierbo word die opvatting dat Psalm 6 'n eenheid is, gehandhaaf, en die beskouing dat die psalm 'n samevoeging van twee, oorspronklike los eenhede is, verwerp.

6 STILISTIESE ONTLEDING

Die doel van hierdie stap is om tersaaklike kommunikatiewe middele (stylfigure) in die strofes te identifiseer en die funksies daarvan te beskryf.

Strofe A

Parallellisme; (1a/1b): Op semantiese vlak versterk die parallelle oproepe tot God die dringendheid van die digter se smeekroep om vrygestel te word van straf.

Delesie van die Godsnaam (1b): Die weglating van die Godsnaam op 'n plek waar dit verwag word, beklemtoon die feit dat dit Jahwe is wat aangeroep word.

Parallellisme (2ab/3ab): Die negatiewe smeekbedes van die vorige versreëls word aangevul met nog twee positiewe smeekbedes (met motiverings). Op semantiese vlak versterk dit nog verder die klem op die digter se nood.

Sinekdogee; (2b en 3b): Deur op twee verskillende wyses na homself te verwys, stel die digter homself op die voorgrond as ontvanger van God se genade.

Chiasme (tussen 1a en 2a): Hierdie kommunikatiewe middel beklemtoon die dialoogsituasie asook die polariteit tussen die bidder en Jahwe.

Inversie en *delesie* (4b): Laasgenoemde twee kommunikatiewe middele lê albei klem op die teenstelling: die bidder se lewe is besig om in duie te stort, terwyl die Here oënskynlik niks doen om die bidder te help nie.

Chiasme (tussen 3b en 4a): Die volgorde: "relasiewoord - נִבְהֲלוּ - selfaanduiding" van 3b word in 4a omgekeer in die volgorde: "selfaanduiding - נִבְהֲלָה - relasiewoord". Hiermee word drie sake beklemtoon: (a) 4a koppel aan die hele eenheid 2a tot 3b; (b) 4a gee 'n samevatting van die nood wat beskryf word van 2a tot 3b; en (c) in 4a is daar selfs sprake van 'n verhewiging van die nood.

Uit bogenoemde analise is dit duidelik dat versreëls 1 tot 4 beskou kan word as 'n afgeronde eenheid met 'n ingeboude progressie (*Steigerung*): Die bidder roep met 'n al groter wordende dringendheid tot Jahwe om hulp in sy nood. Strofe A, wat funksioneer binne die verhouding: Jahwe - die bidder, kan beskryf word as die

beklagingsgedeelte van Psalm 6. In dié gedeelte word stapsgewys beskryf wat die bidder se nood is. Hy bevind homself in 'n konflik met Jahwe. En tog het hy nêrens anders om sy toevlug na te neem nie, as maar net na Hom! Die funksie van strofe A kan omskryf word as: "die probleemstelling binne die verhouding: Jahwe - die bidder".

Strofe B

Opstapeling van imperatiewe (5a-5b): Hiermee word die dringendheid van die bidder se nood nog verder onderstreep.

Parallellisme (5a/5b): Met hierdie kommunikatiewe middel word klem gelê op die diplomatiese wyse waarop die bidder Jahwe om hulp smeek.

Parallellisme, giasties gerangskik (6a/6b): Die herhaling en uitbouing van die opvatting dat 'n mens Jahwe nie meer kan bely of prys as hy eers dood is nie, dien as 'n verdere diplomatiese versterking van die bidder se poging om Jahwe te oorreed om hom te help.

Die tweede, afgeronde hoofdeel van Psalm 6 (strofe B) funksioneer nog steeds binne die verhouding: Jahwe - die bidder. Waar strofe A gehandel het oor die probleemstelling, handel hierdie strofe oor die bidder se voorgestelde oplossing van die probleem. Met 'n versigtig bewoorde, diplomatiese gebed sê die digter dat die probleem opgelos sal word as Jahwe hom op grond van twee motiverings sou red: op grond van Jahwe se eie (bekende) trou; en op grond van die feit dat hy (die bidder) Jahwe nie meer sal kan aanbid as hy (as straf vir sy oortreding) sou sterf nie.

Strofe C

Parallellisme, chiasties gerangskik (7b/7c): Herhaling, wat nog meer klem lê op die intensiteit van die bidder se nood.

Delesie: Die bidder se vyande word eksplesiet in 8b genoem, terwyl daar in 8a slegs implisiet na hulle verwys word. Deur hierdie delesie vestig die digter die aandag op die feit dat sy vyande ook 'n aandeel aan sy nood het.

In die derde afgeronde eenheid van Psalm 6 (strofe C) stel die digter 'n nuwe dimensie aan die orde. Hy toon dat sy probleem ook funksioneer binne die verhouding: die bidder - sy vyande! Lohfink[16] lei hieruit af dat die bidder Jahwe ervaar as 'n toornige God wat hom deur sy vyande laat straf. Dit word egter betwyfel. Daar word nêrens in die teks gesê dat die digter se konflik met sy vyande die gevolg is van sy konflik met Jahwe nie.

Strofe D

Paranomasie ten opsigte van die lekseme: "kol" in 9a, en "qol" in 9b: Hiermee bewerk die digter in die gedagte van die hoorder 'n balans tussen

twee uitsprake: "*Al* my vyande moet weggaan, omdat Jahwe *ál* my gebede verhoor het!"
Parallellisme (9b/10a): Deur herhaling word die rede waarom die vyande verjaag word, sterk beklemtoon.
Parallellisme, chiasties gerangskik (10a/10b): Deur 'n verdere herhaling van klank en betekenis word die Here se verhoring van die digter se gebed, as rede vir sy vyande se verjaging, driedubbel beklemtoon!

In hierdie strofe laat val die digter klem op twee verhoudings: op die verhouding: die bidder - sy vyande; en op die verhouding: die bidder - Jahwe. Sintakties beoordeel, lyk dit of eersgenoemde verhouding voorrang geniet (die eerste word met selfstandige sinne beskryf, die laaste met afhanklike sinne). Die digter doen egter drie dinge om die klem juis op die verhouding tussen hom en Jahwe te laat val: Hy herhaal die aankondiging van die gebedsverhoring drie maal; hy plaas die stellings oor sy redding presies halfpad tussen sy opdrag áán die vyand, en sy stellings óór hulle lot; en hy stel die verhoring van sy gebede as 'n "*fait accompli*". Hierdeur verhef die digter strofe D tot die wentelpunt van die psalm: Niks is vir hom belangriker nie, as dat God sy gebede verhoor!

Strofe E
Inversie (11a): Deur die objek van die sin uit sy normale posisie te haal en heel aan die einde van die versreël te plaas, word klem gelê op die feit dat àl die bidder se vyande getref sal word.
Parallellisme (11a/11b): Die herhaling van oordele onderstreep twee sake: (a) die sekerheid van die komende oordeel oor die bidder se vyande; en (b) die omvang daarvan.
Ironie: (3d en 5a / 11a en 11b) Die heropname van lekseme בהל en שוב (wat vir die eerste keer in 3d en 5a aangetref word), beklemtoon 'n ironiese ommeswaai: Die digter, wat vroeër deur sy vyande se toedoen ineen wou stort, gaan nou sien hoe sy vyande ineen gaan stort!
Delesie (11b): Die subjek ("al my vyande"), wat in 11a voorkom, word ook in 11b veronderstel. Ook daardeur word klem gelê op die feit dat die oordeel ál die bidder se vyande sal tref.

Die laaste strofe van Psalm 6 handel oor die verhouding: Jahwe - die vyande. Hoewel die strofe 'n selfstandige eenheid vorm, is hy tog ook wesenlik deel van Psalm 6. Want hy bind aan strofe D deur sy voortgesette verwysings na die digter se vyande. Maar hy bind ook aan die res van die psalm deur te toon hoe God op 'n ironiese wyse die bordjies verhang: Deur die digter se gebed te verhoor, veroorsaak Hy dat die vyande wat vroeër die digter wou benadeel, nou self in duie gaan stort!

Gesamentlik gesien, bied strofes D en E die ontknoping vir die bidder se probleme in sowel sy verhouding met Jahwe, as in sy verhouding met sy vyande. Omdat Jahwe getrou is, herstel Hy die verhouding tussen Hom en die bidder. En omdat hierdie verhouding herstel is, kan die bidder hom nou weer handhaaf in sy stryd teen sy vyande.

7 SAMEVATTING

Op grond van die resultate van die ondersoek hierbo kan die boodskap van Psalm 6 soos volg saamgevat word:

1 **Die digter van Psalm 6 ly swaar binne twee verhoudinge:** op die vertikale vlak, in sy verhouding met God (dit lyk asof God niks aan sy noodtoestand wil doen nie); en op die horisontale vlak, in sy verhouding met sy vyande (dit lyk asof hulle daarin gaan slaag om hom in duie te laat stort).

2 **Die digter se verhouding met Jahwe:**

* Solank as wat die digter uit eie krag probeer weerstand bied teen die veroorsakers van sy nood, bly dit voortbestaan, en word dit net al hoe groter.
* Ten spyte van sy versteurde verhouding met Jahwe besluit die digter nogtans om sy toevlug na niemand anders as net na Hom te neem nie.
* Daar is twee redes vir sy stap: Jahwe (alleen) is betroubaar; en hy wil bly lewe om Jahwe te kan dien.
* Die oomblik toe hy homself oorgee aan sy besluit om sy toevlug na God alleen te neem, en op Hom alleen te vertrou, verander sy lot drasties: hy vind dat sy gebed reeds verhoor is; hy ervaar liggaamlike genesing[17]; en hy sien hoe sy verhouding met God herstel. As gevolg hiervan beweeg hy vanuit die verlammende wanhoop wat hom wou verswelg, na 'n geloofsekerheid wat hom van alle bande bevry.

3 **Die digter se verhouding met sy vyande:**

* Hoewel die digter swaarkry in sy verhouding met sy vyande, stel Jahwe se verhoring van sy gebed hom in staat om oor hulle te seëvier.

4 **Die verhouding tussen Jahwe en die bidder se vyande:**

* Die Here se verhoring van die digter se gebed bring vir die vyande verdiende straf in hulle versteurde verhouding met God. Hierdie uitspraak is volgens Weiser[18] 'n blote feitestelling sonder enige haat of leedvermaak.

NOTAS:

1 The other six are Psalms: 32, 38, 51, 102, 130 and 143.
2 W S Prinsloo, *Die psalms leef!*, Halfway House 1988, 1.
3 Prinsloo, *a w*, 1.
4 G A F Knight, *The Psalms,* (Volume I), Edinburgh 1982, 34.
5 N A Van Uchelen, *Psalmen* Deel I, Nijkerk 1971, 39.
6 H J Kraus, *Psalmen* I Teilband, Neukirchen 1966, 47.
7 J Van der Ploeg, *Psalmen* Deel I, Roermond 1973, 57.
8 A A Anderson, *The book of Psalms* (Volume I), Grand Rapids 1972, 87.
9 A Weiser, *The Psalms, A commentary*, London 1979, 132.
10 M S J Dahood, *Psalms I (1-50)*, New York 1979, 39.
11 P C Craigie, *Psalms 1-50*, Waco 1983, 92.
12 H W M Van Grol, Literair-stilistische analyse van Psalm 6, *Bydragen 40* (1979), 248.
13 R Kittel, *Die Psalmen*, Leipzig 1922, 19.
14 H Schmidt, *Die Psalmen*, Tubingen 1934, 11.
15 J Smit Sibinga, Gedicht en getal, *Nederlands Theologisch Tijdschrift,* (1988), 185-207.
16 H Lohfink, Psam 6 - Beobachtungen beim Versuch, ihn "kanonisch" auszulegen, *Theologische Quartalschrift* 167/4 (1987), 284.
17 F M Mbon, Deliverance in the complaint Psalms: Religious claim or religious experience. *Studia Biblica et Theologica*, 12 (1982), 6.
18 A Weiser, *a w*, 133.